# BELEID OOR GESLOTEKRINGTELEVISIE

## 1. Inleiding

Hierdie dokument is die Beleid oor Geslotekringtelevisie van Primêre Skool Universitas, soos die beheerliggaam dit op 15 Januarie 2022 goedgekeur het. Die beleid is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ("die Skolewet"), die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (Staatskoerant 22754/2001: Kennisgewing nr. 1040), en ander toepaslike wetgewing.

Ooreenkomstig die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole is Primêre Skool Universitas tot 'n geweld- en dwelmvrye skool verklaar. Die Beleid oor Geslotekringtelevisie het ten doel om hierdie verklaring prakties uit te voer en die welstand van die skool se personeel, leerders en besoekers te beskerm. Die beleid is opgestel ten einde die gesonde skoolatmosfeer te skep wat noodsaaklik is vir uitnemende opvoeding. Daarom beoog die beleid dat die geslotekringtelevisiestelsel so bestuur sal word dat dit nie op die skoolleerders, -personeel, -ouers of -besoekers se regte sal inbreuk maak nie. Die beleid kan ook van tyd tot tyd hersien word indien die behoefte ontstaan.

Ingevolge artikel 20(1)(g) van die Skolewet moet die beheerliggaam die skool se eiendom, met inbegrip van die geboue en grond wat die skool beset, administreer en beheer. Administreer en beheer sluit ook die instelling of aanbring van sekuriteitsmaatreëls soos 'n geslotekringtelevisiestelsel in. Boonop bepaal paragraaf 5(1)(a) van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreels by Openbare Skole dat die hoof – onderworpe aan die Grondwet, ander wetgewing sowel as nasionale en provinsiale beleid – sodanige stappe mag doen as wat hy/sy nodig ag vir die beskerming van die openbare skoolterrein sowel as van die mense daarop. Paragraaf 9(5) van die

Regulasies bepaal verder dat openbare skole gebeurlikheidsplanne moet ontwikkel om dreigemente van geweld wat 'n negatiewe invloed op die skool kan hê, te voorkom.

## 2. Woordomskrywing

'**Openbare skoolterrein**' sluit in enige gebou, struktuur, saal, kamer, kantoor, ontspanningsarea, grond of afgebakende gebied wat onder die beheer van die skool is en waartoe 'n lid van die publiek die reg van toegang geniet of gewoonlik toegelaat word of kan word.

**Skoolhoof**' beteken die hoof van die skool wat op die gesag van die beheerliggaam handel.

Ander begrippe wat in hierdie beleid voorkom, moet vertolk word in ooreenstemming met die betekenis wat die Skolewet daaraan verleen.

## 3. Doel van die beleid

3.1 Die doel van die beleid is om die gebruik van geslotekringtelevisie in die monitering van die openbare skoolterrein te reguleer.

3.2 Die kameras word hoofsaaklik aangebring om enige vorm van ongewenste of ongedissiplineerde gedrag so ver moontlik te bekamp of te verhoed, en sodoende die lewensgehalte van alle persone op die terrein van Primêre Skool Universitas te optimaliseer, aangesien geen vorm van bedreiging van 'n persoon, persone of eiendom op die terrein onder enige omstandighede toegelaat sal word nie.

3.3 Benewens bogenoemde, is die verdere doelstellings van die beleid:

a) om enige vorm van teistering van enige persoon (of persone) te voorkom, of sodanige teistering op 'n betekenisvolle wyse te ondersoek met die oog op spoedige en sinvolle optrede teen enige oortreder(s);

b) om enige vorm van ongewenste en/of openbare wangedrag te voorkom, of sodanige wangedrag op 'n betekenisvolle wyse te ondersoek met die oog op optrede teen enige oortreder(s); en

c) om die hoof of adjunkhoof of enige persoon wat daartoe gemagtig of aangewys is in staat te stel om so spoedig moontlik op te tree of bystand te verleen by die

waarneming van enige vorm van ongedissiplineerde en/of ongewenste en/of teisterende gedrag, of enige ander moontlike noodomstandighede.

## 4. Toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op alle personeel, leerders en ouers van, sowel as besoekers aan, Primêre Skool Universitas. Enige persoon wat die openbare skoolterrein betree, onderwerp hom/haar aan die beleid.

## 5. Bestuur en beheer van kameras

5.1 Die kameras sal bestuur word deur die hoof/adjunkhoof, of sy behoorlik gemagtigde benoemde ("benoemde"), in oorleg en samewerking met die skoolbeheerliggaam (die "SBL").

5.2 Die hoof/adjunkhoof of sy/haar benoemde het direkte beheer oor die kameras.

5.3 Die kameras, ingesamelde beeldmateriaal ("materiaal") en kopiereg van enige materiaal bly te alle tye skooleiendom.

5.4 Enige voorval wat die hoof/adjunkhoof of sy/haar benoemde op beeldmateriaal opmerk wat *prima facie* op misdadige optrede dui, sal vir moontlike verdere ondersoek by die Suid-Afrikaanse Polisiediens of enige ander tersaaklike wetstoepassingsinstansie aangemeld word.

5.5 Die kameras sal so gebruik word dat dit die privaatheid van elke persoon wat daardeur geraak word so ver moontlik respekteer.

5.6 Die kameras sal so ver moontlik permanent in werking wees.

5.7 Die skool sal, so ver dit uitvoerbaar is, 'n behoorlike instandhoudingsprogram vir die kameras in werking stel.

5.8 Monitering van die terrein sal op 'n professionele, etiese en regsgeldige wyse geskied, en vir geen ander doel as ingevolge hierdie beleid nie.

5.9 Die kameras mag nie aangewend word om op enige moontlike wyse teen enige persoon op grond van onder meer ras, geslag, seksuele oriëntasie en gestremdheid te diskrimineer nie.

## 6. Bedryfstelsel van die kameras

6.1 Die geslotekringtelevisiestelsel bestaan tans onder andere uit 20 gewone kameras en 2 GPS kameras, wat op strategiese punte op die skoolterrein geïnstalleer is.

6.2 Die beheersentrum van die kameras is in die Sekuriteitshuisie by Hek 1.

6.3 Genoemde kameras sal so ver moontlik 24 uur per dag beeldmateriaal opneem.

6.4 Genoemde beeldmateriaal kan volgens die verskaffer van die kameras vir 14 dae gestoor word.

6.5 Indien daar ’n behoefte daarvoor is of ontstaan, kan beeldmateriaal ook op bykomende wyses gestoor word, soos op ’n sentrale hardeskyf of kompakskyf (CD).

6.6 Daar is ‘n monitor wat die beeldmateriaal uitsaai beskikbaar in die kantoor, sowel as in die skoolhoof se kantoor.

## 7. Ligging van die kameras

Kameras sal in geen area opgerig word waar enige persoon redelikerwys op ’n mate van privaatheid kan aandring nie. In kleedkamers sal kameras nie in die rigting van toilette of urinale wys nie. Kameras wat so geplaas word om buiteareas soos die skoolingang en fietsloods/-rakke te moniteer, sal so geplaas word dat dit die minimum inbreuk maak op privaat huishoudings wat dalk ook op die terrein geleë is, sowel as op individue wat toevallig in die area is.

Geïdentifiseerde areas is soos volg:

- Alle ingange van die skool
- Op alle stoepe en voor alle klaskamers

## 8. Kennisgewings

Kennisgewings wat noem dat die skool van geslotekringtelevisie gebruik maak, sal in die volgende gebiede aangebring word:

- Daar is ‘n kennisgewingbord op elke hek van die skool aangebgring (hek 1 – 4).

## 9. Toegang tot data

Toegang tot en insae in beeldmateriaal wat die kameras opneem, sal soos volg hanteer word:

9.1 Onderworpe aan wat hieronder bepaal word, sal ingesamelde beeldmateriaal slegs beskikbaar gestel word aan persone of instansies wie se belange of regte direk daardeur geraak word of kan word.

9.2 Geen persoon of instansie buiten die persone wat in paragraaf 9.2.1 genoem word, sal toegang tot of insae in die beeldmateriaal hê nie.

9.2.1 Persone of instansies kan skriftelik by die skoolhoof, die adjunkhoof of die SBL-voorsitter aansoek doen om sodanige insae te verkry, welke persone of instansies (“aansoekers”) spesifiek die volgende by hulle skriftelike aansoeke (“versoeke”) moet insluit:

a) Volledige persoonlike besonderhede

b) ’n Volledige motivering, synde ’n kort en bondige uiteensetting van die rede(s) waarom insae in enige opgeneemde beeldmateriaal verlang word, met spesifieke vermelding en ’n beskrywing van enige moontlike voorval(le) met betrekking waartoe insae in beeldmateriaal verlang word

c) Watter regte of belange daardeur beskerm sou word

9.3 Die skoolhoof of, *as alternatief,* die adjunkhoof sal voormelde versoek oorweeg in oorleg met die SBL-voorsitter of, indien die SBL-voorsitter nie beskikbaar is nie, in oorleg met die SBL-ondervoorsitter. Dít sal geskied met inagneming van die beginsels in hierdie beleid en/of enige ander beleid wat moontlik op die versoek betrekking kan hê.

9.4 Indien voormelde versoek toegestaan word, sal die aansoeker(s) aan wie sodanige toestemming verleen is die betrokke beeldmateriaal slegs in skooltyd in die adjunkhoof se kantoor mag besigtig, en slegs in die teenwoordigheid van die adjunkhoof en sodanige ander persoon wat na die adjunkhoof se oordeel 'n belang by die verrigtinge kan hê, tensy die aansoeker(s) en die adjunkhoof skriftelik anders reël.

9.5 Enige persone wat in stryd met die riglyne in hierdie dokument insae in opgeneemde beeldmateriaal verkry of probeer verkry, of enige opgeneemde beeldmateriaal publiseer of probeer publiseer, of sonder die medewete van die skoolhoof of adjunkhoof met die kameras peuter of knoei, sal hulle aan dissiplinêre optrede en/of strafregtelike en/of siviele vervolging blootstel.

9.6 Behoorlike rekord sal gehou word van alle versoeke vir insae in beeldmateriaal wat die skool ontvang.

9.7 Enige opgeneemde materiaal sal by enige verrigtinge in skoolverband as getuienis teen enige persoon toegelaat word sonder dat die egtheid daarvan bewys hoef te word. Met ander woorde, enige opgeneemde materiaal sal wees wat dit voorgee om te wees.

**10. Onregmatige gebruik**

Enige persoon wat van mening is dat die stelsel vir enige doel buiten ingevolge hierdie beleid gebruik word, kan 'n amptelike klagte by die skoolhoof of SBL indien.

GETEKEN TE BLOEMFONTEIN OP HIERDIE 15de DAG VAN JANUARIE 2022

____________________

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof